Graad: 9

Naam: 60

## Denim deur die eeue

Of jy nou lank en maer, kort en vet, oud of jonk is, iewers in jou kas hang minstens een paar jeans. Dit is gemaklik, kan byna enige plek gedra word en is duursaam, met ander woorde, dit is sterk en hou lank.



Denim, die materiaal waarvan jeans gemaak word, se duursaamheid is al in die vyftiende eeu getoets toe Christopher Columbus Amerika ontdek het. Die seile van die skepe was glo van denim gemaak. Die materiaal is eers in Nimes, Frankryk, geweef. Praat 'n mens van iets wat uit dié gebied kom, sê jy in Frans "de Nimes". Deur die jare het dié twee woorde egter een geword en so het die naam "denim" ontstaan.

Jare gelede het 'n sakeman van Amerika, Levi Strauss, jeans op groot skaal begin maak en die wêreld ingestuur. Die broeke was veral gewild onder cowboys wat gehou het van die duursaamheid van die materiaal.

In die jare vyftig het jeans sinoniem geword met sexy-wees. Musieklegendes soos Elvis Presley en silwerdoeksterre het denimbroeke gedra. In die jare sestig het elke modebewuste tiener jeans gedra. Hoe nouer die broek, hoe beter. Veral die sogenaamde "stovepipes" (wat baie nou om die been gesit het) was gewild.

Toe het ontwerpers die moontlikhede van denim ontdek. Skielik het denims ontwerpersname gekry en selfs middeljariges het die klere begin dra. Levi 501-jeans is vandag seker die bekendste naam in die denimwêreld. Maar jy betáál as jy dié kledingstuk wil dra.

Gelukkig is daar ook tientalle ander etikette vir "gewone mense" op die mark. Enigeen kan 'n jean bekostig. Daar is baie denimklere om van te kies soos rompe, rokke en baadjies.

Ongelukkig lyk nie almal soos modelle in jeans nie. Maar hoe jy ook al gebou is, denim is 'n mode-item in jou klerekas waarsonder jy nie kan klaarkom nie.

a) Wat impliseer die woorde "lank en maer, kort en vet, oud of jonk"? (1)

b) Noem **drie** eienskappe/kenmerke van denim. (3)

c) Die woord "duursaam" beteken (i) dit is duur (ii) dit is sterk en hou lank (iii) almal kan dit dra. (1)

d) Waarvoor is denim in Columbus se tyd gebruik? (1)

e) Denim is vir die eerste keer in (i) Frans (ii) Amerika (iii) Frankryk gemaak. (1)

f) Skryf elke keer **drie opeenvolgende woorde** uit die teks neer wat sê dat Levi Strauss

(i) **baie** denims gemaak het (1)

(ii) sy denims **nie net** in Amerika verkoop het **nie**. (1)

g) As iets "gewild" is, beteken dit dat (i) dit baie populêr is (ii) mense nie daarvan hou nie (iii) mense dit in die wildernis dra. (1)

h) Waarom het *cowboys* baie van denimbroeke gehou? (1)

i) Waarom het mense soos Elvis Presley van denimbroeke gehou? (1)

j) Watter woord beteken *akteurs wat in rolprente gespeel het?* (1)

k) Wie het denims in die sestigerjare gedra? (1)

l) Watter tipe broek was in die sestigerjare gewild? (1)

m) Noem **een** nadeel van die Levi 501-jeans. (1)

n) Noem **drie** tipes denimklere wat 'n mens kan koop. (3)

o) Skryf 'n sin neer wat sê dat almal nie goed lyk in denims nie. (1)

[20]

Vraag 2

2.1. Vul **hy/sy/hom** in die oop spasies in. Skryf net die antwoord.

(a) __________ hou baie van sokker. (b) __________ pa het vir (c) __________ 'n sokkerbal gekoop. (d) __________ speel elke Saterdag saam met (e) __________ vriende sokker. (f) __________ ma raas met (g) __________, want (h) __________ wil hê (i) __________ moet leer en (j) __________ eksamen slaag. (10)

2. Vul die korrekte **voorsetsels** in die oop spasies in.

Die meisie skryf 'n brief (a) __________ haar penvriend. Haar vriend hou (b) __________ fliek en is ook fanaties (c) __________ musiek. Sy is ook lief (d) __________ musiek en luister elke dag (e) __________ haar gunstelingsangers. (5)

2.3. Skryf die sinne in die (a) **verlede tyd** en (b) **toekomende tyd.**

a) Sy trek haar skoene aan.

b) Sy maak haar veters vas.

c) Sy loop met die trappe af.

d) Sy haal die melk uit.

e) Haar ma kyk by die venster uit. (10)

2.4. Verbind die sinne met die **voegwoorde** tussen hakies.

a) Ek het baie vriende gehad. Nou het ek net een. (maar)

b) Hulle vriende verstaan hulle. Hulle is dieselfde ouderdom. (want)

c) Ek haat my broer. Hy doen nooit iets verkeerd nie. (omdat)

d) Ek lees 'n strokiesverhaal. Ek lê op my bed. (terwyl)

e) Ek is dors. Ek drink 'n koeldrank. (daarom) (5)

2.5. Skryf in die **indirekte rede** en begin soos gevra.

a) Sy ma vra: "Moet jy nie leer nie?" Sy ma vra **of** __________.

b) Sy ma vra: "Wanneer gaan jy leer?" Sy ma vra **wanneer** __________.

c) Hy sê: "My ma kan my so irriteer." Hy sê **dat** __________.

d) Hy sê: "Daar is nog baie tyd." Hy sê **dat** __________.

e) Hy sê: "Ma, los my uit." Hy sê vir sy ma **om** __________. (10)

**TOTAAL [40]**

Diep in sy hart weet Peet egter wat hy behoort te doen. Vir twee dae en twee nagte broei hy oor die tas, maar uiteindelik weet hy hy sal die regte ding moet doen. Met 'n seer hart stap hy die volgende middag na atletiekoefening met die tas na die polisiestasie. Hy het vir sy ma gesê hy gaan huiswerk doen by 'n maat. Sy ma sal beslis sê hy moes dadelik van die tas vertel het en dat dit direk na die polisie moes gegaan het.

Die polisieman is baie vriendelik. "Waar kry jy die tas, boet?" vra hy.

"Daar onder die brug, Oom. Ek wou dit gister al gebring het, maar ek het te laat van die atletiekoefening af gekom," jok hy. Hy voel verskriklik skuldig.

Die polisieman maak die tas oop en kyk al die sakkies deur. In die groot sak aan die binnekant van die deksel kry hy 'n dik pak getikte papiere met 'n rekkie daarom. In die sakkie met die geld kry hy 'n klein sakboekie. Peet het nie verder in die sakkie gekyk nie, hy het glad nie eers dááraan gedink om 'n adres in die tas te soek nie. Hy kry skaam om te dink dat hy so dom was. Maar dit was die geld wat hom so *beetgepak* het dat hy oor niks anders kon dink nie.

"Ek sal die eienaar van die tas probeer *opspoor*," sê die polisieman. "Gee net vir my jou naam en adres. Die mense sal dalk vir jou wil dankie sê. Dis baie mooi van jou dat jy niks gevat het nie en die tas net so teruggebring het."

Peet skaam hom byna dood en kan nie vinnig genoeg van die polisiestasie af wegkom nie. Dit voel vir hom of die polisieman op sy gesig kon sien hoe graag hy daardie geld wou hê.

Hy oefen nou weer lekkerder atletiek. "Laat ou Sarel my dan nou maar wen," dink hy vies. Hy weet dat dit glad nie lekker is om met *'n skuldige gewete* rond te loop nie.

Een middag, twee weke later, lui die telefoon. Peet se ma antwoord en sy lyk baie verbaas. Toe sy die telefoon neersit, roep sy vir Peet.

"Peet, wat is hierdie storie van 'n verlore tas? Hier bel nou 'n vreemde man van die polisiestasie af oor die een of ander iets van 'n tas. Wat weet jy daarvan? Die man sê jy het die tas daar ingegee."

Peet moet toe maar die hele storie vertel. Maar hy sê niks daarvan hoe amper hy die geld gevat het vir 'n paar spykerskoene nie.

"Die man wil vir jou kom dankie sê," sê Peet se ma.

'n Rukkie later hou daar 'n vreemde motor voor die huis stil. 'n Man klim uit en kom klop aan die voordeur. Peet se ma nooi hom binne en roep vir Peet.

In die sitkamer gaan sit die man op 'n stoel en sê: "Ek wil vir jou baie dankie sê, Peet, dat jy die tas vir die polisie gaan gee het. Die tas is vir my baie belangrik."

"Ag, dis niks nie, Oom," sê Peet. "Ek het die geld in die tas gesien en toe het ek geweet iemand sal die tas soek."

"Die geld was glad nie die belangrikste ding in die tas nie. Weet u, Mevrou, dis eintlik 'n lang verhaal. Die tas was in my motor. Ek het pas van oorsee teruggekom, waar ek aan 'n groot *navorsingsprojek* gewerk het saam met *kollegas* by 'n universiteit in Duitsland. My vrou het my by die lughawe kom haal. Op pad terug huis toe, het ons eers in Johannesburg gestop om by 'n restaurant te eet. En toe ons uitkom, is ons motor *skoonveld*.

"Daar sit ons toe, honderd en veertig kilometer van ons huis af, sonder 'n motor. Gelukkig het ons familie in Johannesburg en hulle het ons kom haal. Die *ramp* was egter dat die verslag van die navorsing wat ek in Duitsland gedoen het, in my tas was en die tas is saam met die motor weg."

"Haai, Meneer, wat 'n *skade*!" sê Peet se ma.

"Ja, u kan u voorstel hoe verlig ek was toe die polisie my bel en sê dat die tas opgespoor is. Hulle vermoed dat die motordiewe die tas uitgegooi het omdat hulle gedink het daar is niks waardevols in nie. Die motor is intussen ook gevind, maar met ander nommerplate aan. Hulle was natuurlik bang dat indien die tas by hulle gevind word, dit 'n *bewysstuk* sou wees."

Peet is verbaas. Dit klink so *avontuurlik*! En hy het gedink hy tel sommer 'n tas op.

"Ek het eintlik vir jou kom dankie sê, Peet," sê die man en hou 'n wit koevert na Peet uit. "As jy nie die tas opgetel het nie, was ek dalk *alles kwyt*, was al my harde werk dalk *daarmee heen*. Ek is jou baie dank verskuldig."

"Ag, baie dankie, Oom, maar dit was nie eintlik moeite nie," sê Peet en is vreeslik bly dat hy maar liewer die tas gaan ingee het.

Die man ry weg en Peet en sy ma bly staan op die stoep.

"Maak oop die koevert," sê sy ma. "Dit is baie vriendelik van die man om jou 'n ietsie te gee vir jou moeite."

Peet skeur die koevert versigtig oop. Hy loer binne-in en trek sy asem in en maak sy oë toe.

"Laat ek sien, Peet," por sy ma hom aan.

Peet steek sy vingers in die koevert in. Hy haal vier pienk vyftigrandnote uit. En voor sy oë sien hy net daardie pragtige nuwe spykerskoene. □

## WOORDE
### waaroor jy wonder

1 **spykerskoene** – skoene met ystерpennetjies onder die sole sodat mens goed kan vastrap en vinniger kan hardloop
2 **spontaan** – as iemand iets spontaan doen, doen hy dit uit sy eie
3 **naellope** – in atletiek is dit die wedloop (resies) wat oor 'n kort afstand gehardloop word
4 **Grootbek** – 'n uitdrukking om aan te dui dat iemand grootpraat en baie van homself of haarself dink
5 **in jou dinges in** – 'n uitdrukking waarmee Peet bedoel dat hy sommer baie ver vir Sarel gaan weghardloop
6 **wegspring** – in hierdie verhaal is dit wanneer die atlete begin hardloop. Hulle spring weg nadat die pistoolskoot geklap of die fluitjie geblaas het
7 **bekostig** – as mens iets kan bekostig, dan het jy genoeg geld om die prys te betaal wat daarvoor gevra word
8 **ellendige Sarel** – 'n soort skelwoord as mens nie van iemand hou nie. Peet noem Sarel ellendig omdat hy kwaad is dat Sarel hom gewen het
9 **nuuskierigheid** – as mens baie graag iets wil weet, is jy nuuskierig
10 **ritssluiters** – die Afrikaanse woord vir "zips"
11 **teruggeprop** – die klere is slordig in die tas gesit
12 **Wat makeer** – 'n manier om te vra of iets pla, of daar iets fout is
13 **broei** – in hierdie verhaal beteken "broei" dat hy gedurig aan die tas gedink het

verseker dat hy nóg vinniger en beter sal hardloop nie

15 **beetgepak** – vasgegryp. In dié verhaal het die gedagte aan die geld so belangrik vir hom geword dat hy aan niks anders kon dink nie
16 **opspoor** – iets kry. In dié verhaal sal die polisie na die eienaar van die tas soek en probeer om hom te vind (op te spoor)
17 **'n skuldige gewete** – as mens iets verkeerds gedoen het en dit pla jou, het jy 'n skuldige gewete
18 **navorsingsprojek** – navors: iets noukeurig en versigtig nagaan, alles oor 'n spesifieke saak probeer uitvind; projek: taak
19 **kollegas** – persone wat saam met 'n mens werk, is jou kollegas
20 **skoonveld** – 'n uitdrukking om te sê dat iets weg is, dat mens dit nêrens kan sien of kry nie
21 **ramp** – iets baie slegs wat gebeur het. In die verhaal was dit nie net sleg dat die mense se motor gesteel is nie, maar die belangrike verslag van die werk wat die man in die buiteland gedoen het, was ook in die motor en omdat hy dit nie kan oordoen nie, was dit 'n groter verlies as die gesteelde motor
22 **skade** – verlies. As iets kosbaars breek of wegraak, is dit 'n groot skade
23 **bewysstuk** – iets wat vir die polisie 'n idee gee van wie skuldig is
24 **avontuurlik** – vreemde, gevaarlike of opwindende gebeurtenisse
25 **alles kwyt** – alles verloor

## VERSTAAN
### jy die verhaal?

1 In watter seisoen speel hierdie verhaal af? Haal 'n sin uit die verhaal aan om jou antwoord te bewys.

2 Kies die regte antwoord om die stelling te voltooi: Peet dink Sarel praat groot, want Sarel
   a) kan baie vinnig hardloop met sy nuwe spykerskoene.
   b) is die grootste seun in die atletiekspan.
   c) spog graag met sy duur skoene en sy vermoë om goed te hardloop.

3 Sy ma gee vir Peet twee goeie redes waarom hy nie nou duur nuwe spykerskoene kan kry nie. Kyk of jy al twee redes kan opspoor.

4 Dit is 'n goeie ding dat Peet na die rivier toe geloop het. Stem jy saam? Gee 'n rede vir jou antwoord.

5 Skryf in jou eie woorde hoeveel geld Peet in die plastieksakkie gekry het.

6 Lees gou weer die paragraaf op bladsy 15 wat begin met: "Peet tel die tas op..." Let deeglik op terwyl jy lees. Kyk nou na die lys hieronder sonder om weer die verhaal te lees. Kyk of jy al die items onthou wat in die vreemde tas was:

| | |
|---|---|
| 1 twee rokke | 7 spykerskoene |
| 2 'n paar tennisskoene | 8 skeergoed |
| 3 hemde en broeke | 9 'n kam |
| 4 'n paar duisend rand | 10 'n haarborsel |
| 5 sakdoeke | 11 'n sakkie met papiergeld |
| 6 'n wassakkie | 12 'n beursie |

7 Waarom is Peet die aand nadat hy die tas gevind het so stil? Kies die regte antwoord:
   a) Hy weet die geld is genoeg om sy skoene te betaal, maar hy voel skuldig om dit te hou.
   b) Hy is baie bang vir die man wat sy tas verloor het. Miskien is dit 'n moordenaar.
   c) Hy is stil omdat sy pa altyd sê dat hy te veel praat.

8 Wat verwag die polisie van mense wat verlore goedere vind?

9 Voltooi die volgende sin deur woorde in die oop spasies in te vul. Paragraaf een op bladsy 16 sal jou help met die antwoorde:
   Na twee dae en twee nagte besluit ...... om die verlore ...... na die ...... toe te neem. Sy ...... is seer, want as hy die ...... vir homself gehou het, kon hy vir hom nuwe ...... gekoop het.

10 Hoe het die tas langs die rivier beland?

11 Watter beloning kry Peet vir sy eerlikheid?

## AFRIKAANS – GRADE 9

1. Beripsoefening: Denim deur die eeue. (Read / Answer questions. Complete vocabulary)
2. Begripsoefening: Cosmo-City lok kopers soos bye. (On reverse of Remedierende werk worksheet. Read/Vocab/Answer questions)
3. taal : Hersiening – Reverse of worksheet – Denim deur the eeue.
4. Kort Verhaal: Die spykerskoone. (Read/Vocabulary in vocab book)

Social Science Grade 9 History

Please summarise Page 136 to 152 and answer the following activities:

Page 140

Page 142

Page 144

Page 146

Page 150

Page 152

**R.Munilal**

**Homework plan for holidays**

**1.) Grade 8(N/S)-**

The role of modern scientists in the cure of diseases (Worksheet-Page 64/65)

Revision for exams

Scope for exams

**2.) Grade 8(Technology)**

Page 42/52 – Technology workbook

**3.) Grade 9(Technology)**

Page 26/27 Worksheet

**4.) Grade 9(Social Sciences)**

Geography Revision (Page 23/24) – Platinum Textbook

Scope for Exam

## Accounting

## Work for the holidays

**1.) Grade 7(EMS)** –Read through Term 2 Unit 1 from Head start EMS (Textbook).

**Do the following activities:**

Act.1 Pg.59

Act.2 Pg.60

Act.4 Pg.63

**2.) Grade 9(EMS)** –New Era Accounting Textbook

Task 1.6

Task 1.7

Task 3.8(Only CPJ/CRJ)

**3.) Grade 10(Accounting)** –New Era Accounting Study Guide

Question 8 -15

**4.) Grade 11(Accounting)** –New Era Accounting Study Guide

Question 17/19

New Era Accounting Textbook

Question 13 -13.1/13.2/13.5/13.6/13.11/13.12

**5.) Grade 12 (Accounting)** NSC – Matric Support /Intervention book

Task C3 Pg.58

D2 Pg.66

F1 Pg.82

F2 Pg.85

F3 Pg.88

H2 Pg.94

H3 Pg.96

Work with past papers syllabus covered in Term 1(Companies)

**Grade 9**

**Maths workbook**

**Purple band: ii – xxvii**

**Turquoise band: pg 2 – 67**

**Grade 8**

**Maths workbook**

**Page 2 – 57**